OLD MUTUAL UNIT TRUSTS UITTREDINGANNUÏTEITSFONDS

BELANGRIKE INLIGTING

1. Vul asseblief al die toepaslike afdelings in en onderteken afdeling 13. Beleggers in effektetrusts wat aan Shari'ah voldoen, moet ook afdeling 6 onderteken.
2. Die ingevulde vorm en 'n gewaarmerkte afskrif van u identiteitsdokument/paspoort kan geskandeer en per e-pos na uttransactions@oldmutual.com gestuur word, gefaks word na +27 (0)21 509 7117 of by enige Old Mutual-tak ingegee word. Onduidelike en onvolledige vorms kan vertragings veroorsaak. **Skakel ons Dienssentrum by 0860 234 234 as u enige vrae het.**
3. Sodra u aansoek verwerk is, sal u 'n lid van die Old Mutual Unit Trusts Uittredingannuïteitsfonds (die Fonds of OMUTRAF) wees en dienooreenkomstig 'n kontrak ontvang.
4. U belegging sal aangegaan word sodra ons die ingevulde aansoekvorm en stawende dokumente ontvang het en u geld in die Fonds se bankrekening — soos op bladsy 2 van hierdie aansoekvorm gemeld — verskyn.
5. Old Mutual se effektetrusts is die beleggings waarmee u u uittredingannuïteit moet saamstel.
6. U uittredingannuïteitskontrak moet aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse voldoen — sien afdeling 10.
7. **Sodra u rekening geopen is, kan u by www.omut.co.za registreer om na u portefeulje te kyk en/of transaksies daarin aan te gaan.**
8. Dit is belangrik om 'n selfoonnommer te verskaf, omdat transaksiekennisgewings slegs per SMS gestuur word.

VERWERKINGSTYE

Indien al die vereistes teen 15:00 op 'n werkdag (13:00 vir alle transaksies waarby geldmark-effektetrusts betrokke is) nagekom is, sal u dieselfde dag se prys ontvang. Anders sal die prys op die eerste werkdag nadat alle vereistes nagekom is, met dieselfde spertye geld.U kan ook hierdie versoek voor bogenoemde tye op dieselfde werkdag kanselleer. Indien u u transaksies na 13:00 ten opsigte van die Old Mutual Money Market Fund of 15:00 vir ander fondse geïnisieer het, sal u tot op hierdie tye die volgende dag die transaksies kan kanselleer.

OMTRENT DIE OLD MUTUAL UNIT TRUSTS UITTREDINGANNUÏTEITSFONDS

Die Fonds is 'n uittredingannuïteitsfonds wat kragtens die Wet op Pensioenfondse deur die Registrateur van Pensioenfondse geregistreer is (Raad op Finansiële Dienste (RFD)-registrasienommer: 12/8/29715) en deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste goedgekeur is (SAID-goedkeuringsnommer: 18/20/4/34515). Die Fonds is 'n suiwer spaarmedium en verskaf nie risikodekking, die uitstryking van beleggingsopbrengste of waarborge nie. Prestasie hang af van die effektetrust/s wat gekies is en daar is geen gewaarborgde uitkeerwaarde nie. Alle risiko's verbonde aan hierdie belegging word dus ten volle deur die lid gedra. Daarom beveel ons aan dat dit nie u enigste btron van aftree-inkomste moet wees nie. Dit is uiters belangrik dat u hierdie risiko's in die lig van u individuele aftreebehoeftes verstaan. U kan u portefeulje diversifiseer deur te belê in enige van die effektetrusts wat binne hierdie produk aangebied word (onderhewig aan regulatoriese beperkings), om dus hierdie beleggingsrisiko te probeer bestuur. Skakel asseblief die Kliëntedienssentrum (kontakbesonderhede hierbo) om uit te vind watter effektetrusts beskikbaar is. Die waarde van die portefeulje sal by aftrede beskikbaar wees.

Vul hierdie vorm asseblief in drukskrif in en merk (✓) waar van toepassing.

AANSOEK OM 'N LID VAN DIE FONDS TE WORD EN ONDERLIGGENDE EFFEKTETRUSTS TE KOOP

Ek doen hiermee aansoek om 'n lid te word van die Old Mutual Unit Trusts Uittredingannuïteitsfonds (die Fonds) en onderaandele ter waarde van die ondergemeldebedrag te koop.

Het u reeds 'n belegging by Old Mutual Unit Trusts? Nee ☐ Ja ☐ Indien Ja, verstrek asseblief ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ OMUTRAF-kontraknommer

Is hierdie belegging 'n oordrag uit 'n ander fonds? Nee ☐ Ja ☐

AANSOEK VIR BESTAANDE LEDE VAN DIE FONDS WAT 'N NUWE KONTRAK WIL AANGAAN

Hierdie afdeling is vir Fondslede wat voor 1 April 2011 belê het en nie daarna veranderings aan hul portefeulje aangebring het nie, en die portefeulje se spesifieke struktuur wil behou. Sien **addisionele beleggings** en **wetsbeperkings** onder "Produkkenmerke" in afdeling 10 vir meer besonderhede.

Het u 'n bestaande OMUTRAF-kontrak? Nee ☐ Ja ☐ Indien Ja, verstrek asseblief ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ OMUTRAF-kontraknommer

Wil u 'n nuwe OMUTRAF-kontrak open? Nee ☐ Ja ☐

1. BESONDERHEDE VAN LID

Van en voorletters

Titel en voorname

Geslag: Manlik ☐ Vroulik ☐

ID-/Paspoortnommer

Geboortedatum D D M M E E J J

Inkomstebelasting-nommer

Nasionaliteit

Indien paspoort, plek van uitreiking

VERSTREK KONTAKINLIGTING VAN LID

Tel. (Kode) (Huis) (Kode) (Werk)

Faks Selfoon

Taalvoorkeur: Eng ☐ Afr ☐ Voorkeur-kommunikasiemetode: E-pos ☐ Pos ☐

E-posadres

Posadres Straatadres

Poskode Poskode

OLD MUTUAL UNIT TRUSTS UITTREDINGANNUÏTEITSFONDS *vervolg*

2. BEGUNSTIGDES

U kan begunstigdes benoem om die opbrengs van hierdie belegging te ontvang indien u te sterwe kom terwyl u nog lid is van die Fonds. Let daarop dat die Raad van Trustees kragtens die Wet op Pensioenfondse die taak het om die voordeel op billike wyse tussen u afhanklikes en benoemde begunstigdes te verdeel. Hoewel die Raad van Trustees u wense soos aangedui in die Begunstigdebenoemingsvorm (sien hieronder) in ag sal neem, word hulle nie daardeur gebind nie en moet hulle ook die eise van persone wat afhanklikes was, soos omskryf deur die Wet, ten tyde van u afsterwe oorweeg. Hierdie verpligting word deur die bepalings van artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse aan die Raad van Trustees opgelê. Om die trustees in staat te stel om die mees akkurate inligting tot hul beskikking te hê, is dit belangrik dat u gereeld u Begunstigdebenoemingsvorm bywerk. Indien u meer as twee begunstigdes het, heg asseblief hul besonderhede by hierdie vorm aan.

1. Begunstigde se van en voorletters

Titel en voorname

Geslag: Manlik ☐ Vroulik ☐ Verwantskap aan lid ____ Voordeelbelang ____ %

ID-/Paspoortnommer ____ Geboortedatum D D M M E E J J

Taalvoorkeur: Eng ☐ Afr ☐ Nasionaliteit ____

2. Begunstigde se van en voorletters

Titel en voorname

Geslag: Manlik ☐ Vroulik ☐ Verwantskap aan lid ____ Voordeelbelang ____ %

ID-/Paspoortnommer ____ Geboortedatum D D M M E E J J

Taalvoorkeur: Eng ☐ Afr ☐ Nasionaliteit ____

3. BESONDERHEDE VAN OORDRAGGEWENDE UITTREDINGANNUÏTEITS-, PENSIOEN- OF VOORSORGFONDS (indien van toepassing)

Naam van fonds

Posadres ____ E-pos ____

Kontak-persoon ____

Tel. Kode ____ Nommer ____

Poskode ____ Faks Kode ____ Nommer ____

Administrateur ____

4. HOE OM TE BELÊ

Die Administrateur van die Fonds is geensins onder verpligting om beleggings onder die minimum te aanvaar nie en behou hom die reg voor om in sekere omstandighede nie u rekening te debiteer nie of op te hou om dit te debiteer. Die produk se aanvanklike enkelbedragminimum is R10 000 en vir herhalende maandelikse beleggings is die minimum R500.

Enkelbedragbelegging

A ☐ Debiteer asseblief my bankrekening met R ____ op D D M M E E J J

B ☐ Ek sal R ____ in Old Mutual Unit Trusts se bankrekening oorplaas, of ☐ het dit reeds gedoen.

Bank	Rekeningnommer	Tak	Takkode	Soort Rekening
Standard Bank	070520976	Kaapstad	05 10 01	Lopend

Maak asseblief seker dat u deposito duidelik geïdentifiseer kan word. Enige deposito wat nie duidelik geïdentifiseer kan word nie, sal geag word nie deur die Fonds ontvang te wees nie totdat die lid namens wie die deposito gemaak is deur die Fonds geïdentifiseer is. Heg asseblief bewys van deposito by hierdie aansoek aan.

Herhalende maandelikse (debietorder)beleggings

Laat asseblief minstens 10 dae kennisgewing toe.

Debietorderdatums (kies een) 1 ☐ 3 ☐ 7 ☐ 15 ☐ 20 ☐ 27 ☐ Aanvangsmaand ____

Om te help verseker dat my beleggingsbedrag met inflasie tred hou, verhoog asseblief my debietorderbeleggingsbedrag elke jaar op die verjaardagdatum met:

10* % of ☐ % of R ____ op ☐ alle effektetrusts of ____ (specify unit trust)

* Skrap indien nie van toepassing nie. Indien u nie u keuse aandui nie, sal die verhoogde bedrag aangewend word vir alle effektetrusts in u Old Mutual Unit Trusts Uittredingannuïteitsfonds-portefeulje wat deur hierdie aansoek geraak word.

OLD MUTUAL UNIT TRUSTS UITTREDINGANNUÏTEITSFONDS *vervolg*

4. HOE OM TE BELÊ *vervolg*

Minimum beleggingsbedrae is van toepassing op die effektetrust/s wat u kies. Uitkerings word outomaties herbelê. U OMUTRAF-kontrak moet aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse voldoen – sien "Kenmerke van Uittredingannuïteit" in afdeling 10. Vir meer inligting, skakel asseblief 0860 234 234.

Kies u Effektetrust/s

NAAM VAN EFFEKTETRUST	ENKELBEDRAG	MAANDELIKS
TOTAAL	**R**	**R**

Aanvangsdatum D D M M E E J J

Aftreedatum D D M M E E J J

Aftree-ouderdom*

* Dit kan enige tyd verander word deur die Administrateur daarvan in kennis te stel. Vroegste ouderdom 55.

5. U BANKBESONDERHEDE

Let wel: Aftrekkings kan nie teen kredietkaartrekenings gedoen word nie.

Van van rekeninghouer

Voorletters

Bank en tak

Takkode en rekeningnommer

Soort rekening: Lopend Spaar

6. EFFEKTETRUSTS WAT AAN SHARI'AH VOLDOEN (Old Mutual Albaraka Equity Fund en Old Mutual Albaraka Balanced Fund)

Ek erken dat ek gekies het om te belê in 'n effektetrust wat aan Shari'ah voldoen, wat beteken dat dit ooreenkomstig die riglyne van die Shari'ah Toesighoudende Raad bestuur sal word, met inagneming van die Shari'ah-standaarde van die Rekeningkundige en Ouditorganisasie vir Islamitiese Finansiële Instellings (AAOIFI). Ek stem in dat enige inkomste wat deur die Shari'ah Toesighoudende Raad as nie-toelaatbaar beskou word, betaal word aan die liefdadigheidstrust wat deur die Shari'ah Toesighoudende Raad gekies word in ooreenstemming met die beginsels van Shari'ah en die aanvullende akte van die effektetrust. Ek erken dat dit nie deel van my inkomste uitmaak nie en nie op my belastingsertifikaat sal verskyn nie. Ek neem kennis dat inkomste in sommige gevalle as "rente-inkomste" aangedui kan word, maar aanvaar dat sodanige inkomste ten volle aan Shari'ah voldoen en as sodanig deur die Shari'ah Toesighoudende Raad goedgekeur is.

Datum D D M M E E J J

Handtekening van belegger

7. AANVAARDING VAN ADVIES

A Ek is alleen verantwoordelik vir my beleggingskeuses en die gepaardgaande uitkomste daarvan, en ek erken dat ek hierdie transaksie aangaan sonder om finansiële advies te ontvang, omdat ek dit so verkies. Gevolglik sal geen aanvangskoste op enige belegging van R500 (die produk minimum) of meer gehef word nie.

OF

B Ek bevestig hiermee dat, waar van toepassing, die betrokke tussenganger (adviseur of makelaar) my oortuig het dat hy/sy gemagtig is om finansiële dienste ten opsigte van hierdie produk te lewer.

Wil u hierdie tussenganger as u Voorkeur-dienstussenganger (VDT) aanstel om na al u toekomstige Old Mutual finansiële diensbehoeftes om te sien?

☐ JA, ek stel aan en verleen aan die Voorkeur-dienstussenganger toegang tot inligting oor al my bestaande Old Mutual finansiële diensprodukte.

☐ NEE, ek sal 'n Tussenganger-aanstellingsnota (TAN) invul waarin ek die dienstussenganger van my keuse per kategorie van Old Mutual finansiële diensprodukte sal aanwys.

8. OPDRAG VIR BETALING VAN ADVISEURSFOOIE (Indien van toepassing)

'n Aanvanklike adviseursfooi is soos volg ooreengekom tussen u en u tussenganger en sal afgetrek word voordat onderaandele gekoop word: %

BTW ingesluit (maks. 3.48% BTW ingesluit) dit is R BTW ingesluit *(LW: Indien % en randbedrag verskil, sal % geld. Geen kommissie is betaalbaar op bedrae wat uit ander uittredingannuïteitsfondse oorgedra word nie.)*

Let daarop dat u tussenganger verplig is om hierdie bedrag in geldwaarde aan u bekend te maak en dat die maksimum bedrag betaalbaar 3.42% (BTW ingesluit) van die beleggingsbedrag is. Die bedrag van die adviseursfooi (indien betaalbaar) op hierdie uittredingannuïteitkontrak word in die OMUT-lid se Beleggingsopsomming verstrek. OMUT is nie 'n tussenganger nie en neem ook nie tussengangers in diens nie. Tussengangers in diens van Old Mutual Persoonlike Finansiële Advies ontvang egter vergoeding deels in die vorm van verminderde aanvanklike fooie (indien betaalbaar) en deels in die vorm van ander voordele. Die PWM finansiële konsultant is 'n vaste werknemer van Private Wealth Management, 'n besigheid van Old Mutual. Die konsultant word by wyse van 'n salaris en prestasiebonusse vergoed.

OLD MUTUAL UNIT TRUSTS UITTREDINGANNUÏTEITSFONDS *vervolg*

8. OPDRAG VIR BETALING VAN ADVISEURSFOOIE (Indien van toepassing) *vervolg*

JAARLIKSE ADVISEURSFOOI

U kan ook kies om ’n deurlopende jaarlikse adviseursfooi te betaal, wat jaarliks bevestig moet word. Hierdie fooi word tussen u en u tussenganger onderhandel en is bykomend tot die aanvanklike adviseursfooi soos hierbo bepaal is.

JA ☐ of NEE ☐

Indien JA, spesifiseer persentasie ☐.☐☐ % (maks. 1.14% p.j. met BTW ingesluit) van hierdie Old Mutual Unit Trusts Uittredingannuïteitsfonds-kontrak.

Let wel: Hierdie opdrag stel alle bestaande jaarlikse adviseursfooi-ooreenkomste tersyde.

A uit _____ Fund (slegs een effektetrust) UT _____ (effektetrustrekeningnommer)

OF

B proporsioneel uit al my effektetrusts.

Datum D D M M E E J J ☐☐☐☐☐☐☐☐ Handtekening van lid _____

Hierdie jaarlikse fooi word as ’n persentasie van die waarde van u uittredingannuïteitkontrak bereken. Verder sluit dit die Old Mutual International Growth Fund of Funds, die Old Mutual Albaraka Equity Fund die Old Mutual Income Fund A3 en die Old Mutual Balanced Fund A3 uit, aangesien hulle ’n spoorfooi uit hul jaarlikse diensfooi kan betaal. Die jaarlikse adviseursfooi word maandeliks afgetrek, deur onderaandele uit die genomineerde effektetrust/s te verkoop. Indien hierdie fooi uit ’n enkele effektetrust betaal word en daar op enige tydstip nie genoeg onderaandele in die effektetrust is nie, sal die fooi outomaties van u Money Market Fund of, as dit nie moontlik is nie, van die grootste effektetrust in u portefeulje afgetrek word. Indien beleggings in meer as een klas binne dieselfde effektetrust gehou word, sal die fooi afgetrek word van die klas wat oop is vir nuwe besigheid (tensy die geslote effektetrustklas hierbo gestipuleer word). U sal bevestiging ontvang van die implementering van hierdie fooi, enige wysigings aan die jaarlikse persentasie of aan die effektetrust, asook die kansellasie daarvan. Hierdie fooi berus op ’n ooreenkoms tussen die lid en die tussenganger, en Old Mutual Unit Trusts sal die betaling daarvan ooreenkomstig die geregistreerde reëls van die Fonds reël. U moet in ag neem of u tussenganger vir BTW geregistreer is. Die Fonds en Old Mutual Unit Trusts is nie een ’n party tot die ooreenkoms nie en sal die fooi kanselleer by ontvangs van ’n skriftelike opdrag van enigeen van die partye. Die fooi sal verder gekanselleer word deur ’n verandering van dienstussenganger. Old Mutual Unit Trusts sal foutiewe opdragte wat ontvang is verander, maar sal nie vorige betalings wat op foutiewe opdragte gegrond is regstel nie.

9. VERKLARING DEUR TUSSENGANGER

SPESIALE OPDRAGTE

Ek, die ondergetekende, verklaar en waarborg hiermee dat ek behoorlik gemagtig is om finansiële dienste ten opsigte van hierdie produk te lewer. Alle betrokke partye is geïdentifiseer en geverifieer en alle tersaaklike dokumente is verkry en toepaslike prosedures is gevolg.

Naam van tussenganger	Tak	Tussenganger-/Makelaarkode	Tel.nr.

Tussenganger se e-posadres _____ Tussenganger se handtekening _____

10. WAT U OMTRENT AANSLUITING BY DIE OLD MUTUAL UNIT TRUSTS UITTREDINGANNUÏTEITSFONDS MOET WEET

Die Fonds is ’n afsonderlike regsentiteit wat losstaan van die Administrateur, Old Mutual Lewensversekeringsmaatskappy (Suid-Afrika) Beperk (OMLACSA), en sy borg, Old Mutual Unit Trusts, en word deur ’n Raad van Trustees bestuur. Nader besonderhede word onderaan bladsy 5 verstrek.

KENMERKE VAN UITTREDINGANNUÏTEIT

- Uitkerings word outomaties herbelê.
- Die Fonds is die eienaar van die onderliggende bates – nie die lid nie.
- Aftree-ouderdom is 55 jaar (onderhewig aan sekere uitsonderings) en ouer.
- By aftrede kan maksimum een derde van die belegging in kontant geneem word (’n deel hiervan kan belastingvry wees), en die res moet gebruik word om ’n verpligte lewensannuïteit te koop by die lewensversekeringsmaatskappy van u keuse.
- Hierdie belegging kan nie gesedeer, verpand of in beslag geneem word nie, en geen terugkope word kragtens artikel 37A van die Wet op Pensioenfondse van 1956 toegelaat nie.
- Die Fonds behou hom die reg voor om ’n vaste administrasiefooi te vra. Hierdie fooi is tans nul. Indien die fooi verander, sal geaffekteerde lede skriftelik in kennis gestel word.

Belastingvoordele

Daar is belastingtoegewings ten opsigte van bydraes en voordele (uitbetalings), onderhewig aan statutêre perke.

Addisionele beleggings

U kan u belegging enige tyd aanvul. **Let wel:** Indien u OMUTRAF-kontrak voor 1 April 2011 aangegaan is en nie aan die bateklas-blootstellingsperke soos bepaal deur Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse voldoen nie (sien wetsbeperkings hieronder), en u wil die huidige struktuur van daardie portefeulje behou, kan dit u baat om ’n nuwe kontrak aan te gaan wat wel aan die nuwe regulasies voldoen, aangesien enige verandering van die oorspronklike voorwaardes van u bestaande kontrak – by wyse van omskakeling, oordrag in, debietorderverhoging of ad hoc-belegging – of ’n verandering in die tempo van u betalings kan meebring dat u u bestaande kontrak in ooreenstemming moet bring met die gewysigde Regulasie 28.

Inligting

Volledige besonderhede van effektetrusts, insluitend oor prestasie, beleggingsdoelwitte, risikofaktore en fooie, is beskikbaar by www.omut.co.za. U kan ook registreer om aanlyn na u portefeulje te kyk, of u kan die Dienssentrum skakel om inligting oor portefeuljesaldo’s te verkry tussen die datums waarop state uitgestuur word.

Voordele kan voor aftrede ontvang word

- Indien die waarde van die belegging minder is as die statutêr voorgeskrewe bedrag (tans R7 000).
- By emigrasie wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) erken word, onderhewig aan statutêre vereistes.
- Indien ’n lid permanent onbevoeg is weens liggaamlike of geestesgebrek.

Omskakelings
Onderhewig aan regulatoriese perke, kan u op enige tydstip die samestelling van u portefeulje verander om by u veranderende risikoprofiel te pas. U is ten volle verantwoordelik om seker te maak dat die samestelling van u nuwe kontrak en enige hersiening daarvan aan Regulasie 28 voldoen, ondanks die reg van die Raad van Trustees om sekere veranderings aan u kontrak aan te bring om regulatoriese nakoming te verseker. Let wel: Indien u OMUTRAF-kontrak voor 1 April 2011 aangegaan is en u besluit het om die huidige struktuur van daardie portefeulje te behou deur nie na 1 April 2011 'n wesenlike verandering aan te bring nie, kan 'n omskakeling beskou word as 'n wesenlike verandering aan die voorwaardes van u kontrak en kan dit dus nodig wees dat u bestaande kontrak aangepas word om aan die bateklas -blootstellingsperke van die nuwe Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse te voldoen.

Staking van bydraes
Indien u vroeë'91r as die gekose datum bydraes staak of verminder, sal geen strafheffings van toepassing wees om u voordeel te verminder nie.

Insolvensiebeskerming
Indien u insolvent raak, kan u belegging nie deur u krediteure in beslag geneem word nie.

Beskikking oor voordele by egskeiding
Indien 'n geldige hofbevel wat kragtens wet uitgereik is aan die Fonds verskaf word, sal die Raad van Trustees aan die bevel voldoen en die betaling doen soos verlang word.

Wetsbeperkings op die Fonds se batestruktuur en die reg om individuele lede se portefeuljes te herbalanseer
Die Fonds moet aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse voldoen. Dit beteken dat 'n lid se individuele beleggingskontrak binne die volgende maksimum perke op bateklasblootstelling moet wees:

- Totale aandele: 75%
- Genoteerde eiendom: 25%
- Totale buitelandse blootstelling: 25%
- Afrika: 5% (benewens die toegelate buitelandse blootstelling van 25%)

Die Raad van Trustees het die reg om 'n individu se kontrak te herstruktureer indien die kontrak in stryd is met Regulasie 28. Sekere effektetrusts kan van tyd tot tyd gesluit word.

Reg om 'n afskrif van u aansoekvorm aan te vra
You can ask for copies of this application form and the registered rules of the Fund, and are entitled to receive it within a reasonable time.

Beherende wetgewing
Die reëls van die Fonds is by die Registrateur van Pensioenfondse geregistreer en deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste goedgekeur. Die belegging moet ook aan die regulasies kragtens die Wet op Pensioenfondse, die Inkomstebelastingwet, enige vereistes van die betrokke owerhede, en enige spesifikasies met betrekking tot u lidmaatskap van die Fonds voldoen. Die Fonds word deur 'n Raad van Trustees bestuur, wat na die belange van lede van die Fonds omsien. Die Fonds is die eienaar van die onderliggende bates – nie die lid nie. Die Fonds behou hom die reg voor om lede se voordele te wysig in die geval van 'n wetsverandering aan belastingkoerse of die soort belasting wat van toepassing kan wees.

KOSTEHEFFINGS

Potensiële aanvanklike produkkoste:
Daar is geen aanvanklike administrasiekoste op beleggings bo die minimum beleggingsbedrag van R500 nie. Indien u 'n tussenganger gebruik, sal die ooreengekome adviseursfooi van tussen 0% en 3.42% van die beleggingsbedrag voor die aankoop van onderaandele afgetrek word. Indien uitsonderlike toestemming verleen word om bedrae onder die produkminimum te belê, sal 'n aanvanklike administrasiefooi van 2.28% van hierdie beleggings afgetrek word.

Kosteheffings teen die onderliggende effektetrusts:

- 'n Jaarlikse diensfooi word daagliks op die daaglikse markwaarde van 'n effektetrust se bates (inkomste en toelaatbare aftrekkings uitgesluit) bereken en maandeliks van die effektetrustportefeulje afgetrek. Dit word daagliks van elke onderliggende effektetrust se portefeulje afgetrek.
- Verdere koste wat deur die effektetrust aangegaan word, kan van sy portefeulje afgetrek word. Dit sluit verpligte en bankkoste, makelaarsloon, sekuriteite-oordragbelasting, ander belastings en heffings, bewaarder- en trusteefooie, en ouditfooie in.
- Hierdie fooie word gesamentlik in die Totale Onkosteverhouding van 'n effektetrust weerspieël, wat die historiese fooie weergee wat oor 'n tydperk van een jaar betaal is. Sien die afsonderlike effektetrustfeiteblaaie vir hierdie syfers.

TOEGANG TOT VOORDELE
U kan inligting oor toegang tot u voordele verkry deur u naaste Old Mutual-kantoor of die Kliëntedienssentrum by 0860 234 234 te skakel. Hulle sal u inlig oor die prosedures wat u moet volg. So nie, kan u u naaste Old Mutual-tak besoek.

11. BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Die Old Mutual-groep bied u graag finansiële dienste op 'n deurlopende grondslag en kan u persoonlike inligting gebruik om vir u inligting te gee oor produkte of dienste wat geskik kan wees om in u finansiële behoeftes te voorsien. SMS asseblief u ID-nommer na 45600 indien u nie sulke finansiële dienste wil ontvang nie. Om ons volledige kennisgewing oor privaatheid te sien en u voorkeure uit te oefen, besoek ons webtuiste by www.oldmutual.co.za.

12. STATUTÊRE INLIGTING OOR BELEGGING IN KOLLEKTIEWE BELEGGINGSKEMAS (EFFEKTETRUSTS)

Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Skommelinge kan oor die korter termyn voorkom, terwyl u belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektetrusts kan by leen en die uitleen van skrip betrokke wees. Die effektetrust se TOV weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n aanduiding van toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie, koste en maksimum kommissie is by die maatskappy verkrygbaar. Indien dit in ooreenstemming met die geregistreerde reëls van die Fonds is, kan u u belegging teen die heersende prys van die dag (om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag bereken en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund en Old Mutual Top 40 Fund) verkoop. Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daagliks om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die effektetrust verminder. Spesialisaandele-effektetrusts kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds-effektetrust is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemende belange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere effektetrusts kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Daar is verskillende onderaandeelklasse, wat aan verskillende fooie en koste onderhewig is. Alle transaksies is onderhewig aan die voorwaardes van die betrokke Trustakte/s. Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA.

Die handelsmerke Research Affiliates®, Fundamental Index®, Fundamentals Weighted™ en RAFI® is die eksklusiewe intellektuele eiendom van en word gebruik onder lisensie van Research Affiliates, LLC. Enige gebruik van hierdie handelsname en logo's sonder vooraf skriftelike toestemming van Research Affiliates, LLC word uitdruklik verbied. Fundamental Index®, die nie-kapitaliseringsmetode om 'n indeks van sekuriteite te skep en te weeg, is die patent-eiendom van Research Affiliates, LLC. (Patent toegestaan. Publ.nrs. US-2005-0171884-A1, US-2006-0015433-A1, US-2006-0149645-A1, US-2007-0055598-A1, WO2005/076812, WO 2007/078399 A2 en EPN 1733352.)

13. VERKLARING DEUR LID

Ek verstaan en stem in tot die volgende:

1. Die aansoekvorm, enige toepaslike statutêre bepalings, die geregistreerde reëls van die Fonds en verwante dokumente maak die enigste grondslag uit van my lidmaatskap van die Fonds.
2. Deur hierdie aansoekvorm te onderteken, om hierdeur aansoek te doen om lidmaatskap van die Old Mutual Unit Trusts Uittredingannuïteitsfonds, erken ek dat ek bewus is van alle aanvangs- en deurlopende fooie, risiko's en alle inligting met betrekking tot die portefeulje, en dat alleen ek te alle tye verantwoordelik is vir die keuse van en enige veranderings aan die samestelling van my kontrak. Ek stem in om deur die geregistreerde reëls van die Fonds gebind te word en erken dat die enkelvoud in hierdie aansoekvorm die meervoud insluit.
3. Alle inligting wat in hierdie aansoek verstrek word, en in alle dokumente wat in verband met hierdie aansoek deur my onderteken is of sal word, hetsy in my handskrif of nie, is waar en volledig en maak die grondslag uit van die voorgenome ooreenkoms.
4. Ek weet dat die aankoopkoste van onderaandele aanvangskoste plus BTW kan insluit en dat daar geen waarborge op my kapitaal is nie. Ek erken dat daar verdere toelaatbare aftrekkings van die effektetrustfonds is (bv. 'n jaarlikse diensfooi) en verstaan dat enige ooreengekome jaarlikse adviseursfooi 'n addisionele koste is wat 'n impak op die waarde van my belegging sal hê.
5. Ek kan slegs onttrekkings uit hierdie produk aangaan indien wetgewing en die geregistreerde reëls van die Fonds dit toelaat.
6. Ek is bewus van die effektetrusts se doelwitte, risikofaktore, die kosteheffings en inkomste-uitkerings soos uiteengesit in die effektetrustfondsfeiteblad/-blaaie.
7. Ek erken dat Old Mutual Unit Trust Managers Ltd tot 10% van die portefeulje kan leen om onvoldoende likiditeit te dek.
8. Ek het hierdie aansoek en die Bepalings en Voorwaardes gelees en ten volle verstaan.
9. Verder magtig ek Old Mutual Unit Trust Managers Ltd om opdragte van my aanlyn en per faks te aanvaar (skrap asseblief indien nie van toepassing nie).

Handtekening

Datum D D M M E E J J

KONTAKBESONDERHEDE

Old Mutual Unit Trust Managers Limited (Borg)
(Registrasienr. 65/08471/06)
Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405, Suid-AfrikaPosbus 207, Kaapstad 8000, Suid-Afrika
Telefoonnr.: +27 (0)21 503 1770
Hulplyn: 0860 234 234
Faksnr.: +27 (0)21 509 7117
Internetadres: www.omut.co.za
E-pos: unittrusts@oldmutual.com

Klagtes: Skryf aan ons Kliëntediensbestuurder by bogenoemde adres of skakel 0860 234 234.

Nakomingsafdeling: +27 (0)21 503 1770

Old Mutual Investment Administrators (Pty) Ltd (Administrateur)
(Registrasienr. 1988/003478/07)
Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405, Suid-Afrika
Posbus 207, Kaapstad 8000, Suid-Afrika
Telefoonnr.: +27 (0)21 503 1770
Faksnr.: +27 (0)21 509 7117
Nakomingsafdeling: +27 (0)21 503 1770
Professionele skadeloosstellings- en getrouheids-versekeringsdekking is in plek.

Die Administrateur is 'n goedgekeurde administrateur kragtens artikel 13B. Registrasienr. 24/35.

Old Mutual Investment Administrators (Pty) Ltd is 'n derdeparty-administrasie- en diensverskaffer aan Old Mutual Unit Trust Managers Limited en is 'n gelisensieerde finansiële diensverskaffer.

Old Mutual Unit Trusts Uittredingannuïteitsfonds
(RFD-registrasienr. 12/8/29715)
Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405, Suid-Afrika
Posbus 207, Kaapstad 8000
Telefoonnr.: 0860 234 234 (RSA alleenlik)
+27 (0)21 503 1770 (ander lande)
Faksnr.: +27 (0)21 509 7117
E-pos: retire@oldmutual.com

SAID-goedkeuringsnommer: 18/20/4/34515

Hoofbeampte: AG Pelser

Trustees: KJ MacKenzie (onafhanklik), EM Gamble (onafhanklik), JA Gerber, JP Malan MR Young

Voorsitter: EM Gamble

Besoek www.omut.co.za vir effektetrust-inligting, pryse en nuus. Meld aan om aanlyn na u portefeulje te kyk. Kliënte wat kies om hul korrespondensie per e-pos te ontvang, vind baat by 'n uitgebreide kommunikasiediens.

EFFEKTETRUSTFONDSE

Effektetrust	Effektetrust-kategorie	Beleggingsdoelwit	BELEGGINGSMINIMUMS		Totale onkoste-verhouding TOV (%) (Prestasiefooi-komponent %)	GEANNUALISEERDE DIENSFOOI % (ingesluit by TOV)		Uitkerings-datums	Risiko
			Enkelbedrag	Maandeliks		Min	Maks		
Old Mutual Active Quant Equity Fund A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Die fonds streef bestendige kapitaalgroei bo die langtermyn-gemiddelde van die algemene aandelesektor na. Dit belê hoofsaaklik in SA aandele deur gebruik te maak van 'n kwantitatiewe beleggingsproses.	R10 000	R500	1.15 (0.25)	0.86	2.85	Junie Desember	Matig aggressief
# Old Mutual Albaraka Balanced Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Veranderlike Aandele	Hierdie fonds, wat aan Shari'ah voldoen, poog om bestendige langtermyn-kapitaalgroei asook 'n matige vlak van inkomste aan beleggers te lewer, deur middel van 'n portefeulje wat oor bateklasse diversifiseer.	R5 000	R500	2.31 (N.V.T.)	1.43	N.V.T.	Junie Desember	Matig
Old Mutual Albaraka Equity Fund A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Hierdie fonds, wat aan Shari'ah voldoen, belê in 'n breë spektrum van aandele wat nie met alkohol, dobbel en nie-halaalvoedsel verbind word nie en wat nie rente-inkomste genereer nie.	R5 000	R500	1.88 (N.V.T.)	1.71	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
#† Old Mutual Balanced Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Veranderlike Aandele	Die fonds poog om langtermyn-kapitaalgroei aan beleggers te bied. Dit belê in aandele, effekte en kontant, met 'n sydigheid vir aandele. Die fonds voldoen aan aftreefondswetgewing.	R10 000	R500	2.05 (0.95)	0.86	2.85	Junie Desember	Matig
Old Mutual Bond Fund R	Binnelands - Vaste Rente - Effekte	Die fonds poog om 'n kombinasie van kapitaalgroei en hoë inkomste-opbrengste te lewer. Dit belê in openbare en privaatsektor-effekte en deposito's, en minstens 50% word in effekte belê.	R10 000	R500	0.86 (N.V.T.)	0.68	N.V.T.	Junie Desember	Matig
# Old Mutual Capital Builder Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Veranderlike Aandele	Die fonds is gemik op beleggers wat kapitaal-beskerming en bestendige, belastingdoeltreffende groei bo kontantopbrengste verlang. Die fonds poog om oor deurlopende 3-jaartydperke kontant + 3% per jaar (voor aftrekking van fooie) te behaal, en terselfdertyd in alle marktoestande die moontlikheid van kapitaalverlies oor enige kwartaal# te beperk. Die fonds voldoen aan wetgewing wat aftreefondse beheer.	R10 000	R500	1.28 (0.24)	1.03	2.28	Junie Desember	Matig konserwatief
# Old Mutual Dynamic Floor Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Veranderlike Aandele	Die fonds streef langtermyn-kapitaalgroei na en ook om 'n vlak van kapitaalbeskerming te bied (dit poog om minstens 90% van u netto belegging oor 'n 12-maandetydperk te beskerm). Die fonds belê in aandele, effekte en kontant.	R10 000	R500	1.59 (0.56)	1.03	3.42	Junie Desember	Matig
# Old Mutual Enhanced Income Fund A	Binnelands - Vaste Rente - Gevarieerde Spesialis	Die fonds poog om 'n redelik hoë volhoubare inkomstevlak te handhaaf en fokus ook op geleenthede om kapitaalwins te maksimeer. Die fonds belê in kontant, effekte, eiendomsaandele en ander inkomsteskeppende bates.	R10 000	R500	1.43 (N.V.T.)	1.14	N.V.T.	Maart Junie September Desember	Matig konserwatief
Old Mutual Financial Services Fund A	Binnelands - Aandele - Finansiële	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te lewer. Dit belê selektief in maatskappye en finansiële dienssektore.	R10 000	R500	1.43 (N.V.T.)	1.43	N.V.T.	Junie Desember	Aggressief
† Old Mutual Flexible Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Veelsydige	Die fonds poog om opbrengste oor die langer termyn te maksimeer. Dit belê in aandele, effekte en kontant, en trek aktief voordeel uit veranderende ekonomiese en marktoestande.	R10 000	R500	1.80 (0.75)	0.86	2.85	Junie Desember	Matig aggressief
º Four Plus Capital Fund of Funds A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Laag	Die fonds poog om aan beleggers bestendige kapitaalgroei bo die inflasiekoers te bied. Dit belê in kontant en aandele, en beweeg tussen hierdie tipes beleggings om kapitaal te beskerm en groei te maksimeer.	R5 000	R250	2.72 (N.V.T.)	1.14*	N.V.T.	Junie Desember	Matig

º Hierdie effektetrust is nie via aftreeprodukte van Old Mutual beskikbaar nie.
* Onderliggende effektetrusts vra diensfooie. Raadpleeg asseblief die individuele fondsfeiteblad vir meer inligting.
† Hierdie plaaslike effektetrusts kan beleggers tot 25% buitelandse blootstelling bied wanneer gepas.
# Hierdie fondse voldoen aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse.
• TOV's is soos teen Desember 2011

Let wel: Geen aanvanklike administrasiekoste sal gehef word op beleggingsbedrae wat aan die gemelde beleggingsminimums voldoen nie, behalwe in die geval van die Four Plus-fondse, waar hierdie koste gehef sal word op beleggings van tussen R250 en R499.

OLD MUTUAL

EFFEKTETRUSTFONDSE (VERVOLG)

Effektetrust	Effektetrust-kategorie	Beleggingsdoelwit	BELEGGINGSMINIMUMS		Totale onkoste-verhouding TOV (%) (Prestasiefooi-komponent %)	GEANNUALISEERDE DIENSFOOI % (ingesluit by TOV)		Uitkerings-datums	Risiko
			Enkelbedrag	Maandeliks		Min	Maks		
† Four Plus Global Fund of Funds A	Wêreldwyd - Batetoewysing - Veelsydige	Die fonds poog om kapitaalgroei oor die langer termyn te maksimeer. Om hierdie doel te bereik, belê dit in plaaslike en internasionale aandele, effekte en kontant.	R5 000	R250	2.43 (N.V.T.)	1.14*	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
#† Four Plus Growth Fund of Funds A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Medium	Die fonds poog om kapitaalgroei oor die langer termyn te maksimeer. Dit belê in aandele, effekte en kontant - met 'n sydigheid vir aandele wat langtermynwaarde bied. Die fonds voldoen aan aftreefondswetgewing.	R5 000	R250	2.27 (N.V.T.)	1.14*	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
Four Plus Secure Fund of Funds A	Binnelands - Vaste Rente - Gevarieerde Spesialis	Die fonds poog om 'n totale opbrengs bo die koerse op tradisionele spaardeposito's te lewer. Dit belê in die effekte- en geldmarkte, met 'n fokus op geldmarkinstrumente.	R5 000	R250	2.03 (N.V.T.)	1.14*	N.V.T.	Junie Desember	Matig konserwatief
Old Mutual Global Bond Feeder Fund A	Buitelands - Vaste Rente	Die fonds poog om 'n kombinasie van kapitaalgroei en hoë inkomste-opbrengste te lewer, sonder om die belegger se geld onnodig aan risiko bloot te stel. Hierdie rand-gedenomineerde fonds belê in rentedraende beleggings wat uit effektemarkte oor die hele wêreld gekies word.	R10 000	R500	1.48 (N.V.T.)	1.14	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
Old Mutual Global Emerging Market Fund A	Buitelands - Aaandeel - Gevarieerde Spesialisfondse	Die fonds streef daarna om langtermyn-kapitaalgroei te lewer deur te belê in 'n gediversifiseerde portefeulje van aandele van maatskappye wat óf gelys is op beurse van ontwikkelende markte, óf 'n noemenswaardige belang in lande met ontwikkelende markte het.	R10 000	R500	Hierdie verhouding sal 12 maande na die bekend-stellingsdatum gepubliseer word.	1.71	3.42	Desember	Aggressief
Old Mutual Global Equity Fund A	Buitelands - Aandele - Algemeen	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te bied. Hierdie rand-gedenomineerde fonds belê in kwaliteitaandele vanoor die hele wêreld.	R10 000	R500	2.07 (N.V.T.)	2.00	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
º Old Mutual Global Index Fund of Funds	Builtelands - Aandele - Algemeen	Die fonds streef om in lyn met die Morgan Stanley Capital International World Index te presteer. Dit belê oorwegend in aandele via 'n reeks gediversifiseerde internasionale indeksfondse.	R10 000	R500	1.51 (N.V.T.)	1.14*	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
Old Mutual Gold Fund A	Binnelands - Aandele - Mynbou & Basiese Nywerhede	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te lewer. Dit belê in goud- en goudverwante aandele met bogemiddelde groeivooruitsigte.	R10 000	R500	1.74 (N.V.T.)	1.71	N.V.T.	Junie Desember	Aggressief
Old Mutual Growth Fund A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te lewer. Dit belê hoofsaaklik in genoteerde maatskappye met bogemiddelde groeipotensiaal, 'n entrepreneurshouding en die potensiaal om markaandeel te verhoog.	R10 000	R500	0.95 (0.10)	0.86	2.85	Junie Desember	Matig aggressief
Old Mutual High Yield Opportunity Fund A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Die fonds poog om 'n hoë vlak van dividendinkomste plus kapitaalgroei te lewer. Die fonds konsentreer op fundamenteel gesonde maatskappye wat hoë dividendopbrengste lewer en goeie groeivooruitsigte oor die medium termyn toon.	R10 000	R500	1.42 (N.V.T.)	1.43	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
Old Mutual Income Fund R	Binnelands - Vaste Rente - Inkomste	Die fonds poog om 'n hoë vlak van inkomste te lewer, sonder om die belegger se geld onnodig aan risiko bloot te stel. Die fonds belê in plaaslike rentedraende beleggings (effekte, vaste deposito's en ander sekuriteite wat 'n hoë inkomste verdien).	R10 000	R500	0.86 (N.V.T.)	0.86	N.V.T.	Maart Junie September Desember	Konserwatief

º Hierdie effektetrust is nie via aftreeprodukte van Old Mutual beskikbaar nie.
* Onderliggende effektetrusts vra diensfooie. Raadpleeg asseblief die individuele fondsfeiteblad vir meer inligting.
† Hierdie plaaslike effektetrusts kan beleggers tot 25% buitelandse blootstelling bied wanneer gepas.
# Hierdie fondse voldoen aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse.
• TOV's is soos teen Desember 2011

Let wel: Geen aanvanklike administrasiekoste sal gehef word op beleggingsbedrae wat aan die gemelde beleggingsminimums voldoen nie, behalwe in die geval van die Four Plus-fondse, waar hierdie koste gehef sal word op beleggings van tussen R250 en R499.

OLD MUTUAL

EFFEKTETRUSTFONDSE (VERVOLG)

Effektetrust	Effektetrust-kategorie	Beleggingsdoelwit	BELEGGINGSMINIMUMS		Totale onkoste-verhouding TOV (%) (Prestasiefooi-komponent %)	GEANNUALISEERDE DIENSFOOI % (ingesluit by TOV)		Uitkerings-datums	Risiko
			Enkelbedrag	Maandeliks		Min	Maks		
º Old Mutual Interest Plus Fund	Binnelands - Vaste Rente - Gevarieerde Spesialis	Die fonds poog om hoër opbrengste as dié van geldmarkfondse te lewer, en soortgelyke likiditeitsvlakke, sonder om risiko beduidend te verhoog.	R10 000	R1 000	1.43 (N.V.T.)	0.63	N.V.T.	Maandeliks	Konserwatief
Old Mutual Industrial Fund A	Binnelands - Aandele - Nywerheids	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te lewer. Dit belê in 'n gekonsentreerde portefeulje genoteerde nywerheidsaandele.	R10 000	R500	Hierdie verhouding sal 12 maande na die bekend-stellingsdatum gepubliseer word.	1.43	N.V.T.	Junie Desember	Aggressief
Old Mutual International Growth Fund of Funds A	Buitelands - Batetoewysing - Veelsydige	Die fonds poog om hoër as gemiddelde kapitaalgroei oor die medium tot lang termyn te bied. Hierdie rand- gedenomineerde fonds belê in 'n spreiding van internasionale aandele-, effekte- en geldmark-effektetrusts.	R10 000	R500	2.79 (N.V.T.)	2.00	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
Old Mutual Investors' Fund A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te bied. Dit belê in aandele oor al die sektore van die aandelemark, met die grootste fokus op die Top 100 aandele.	R10 000	R500	1.08 (0.22)	0.86	2.85	Junie Desember	Matig aggressief
† Old Mutual Mining and Resources Fund A	Binnelands - Aandele - Hulpbronne	Die fonds streef voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn na. Dit belê in mynbou- en hulpbronne-maatskappye met bogemiddelde groeivooruitsigte.	R10 000	R500	1.44 (N.V.T.)	1.43	N.V.T.	Junie Desember	Aggressief
Old Mutual Money Market Fund A	Binnelands - Vaste Rente - Geldmark	Die fonds poog om die belegger se kapitaal te beskerm en terselfdertyd hoë vlakke van inkomste te bied. Dit belê in geldmarksekuriteite met 'n vervaldatum van minder as 12 maande.	R10 000	R1 000	0.58 (N.V.T.)	0.57	N.V.T.	Maandeliks	Konserwatief
Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Die fonds se hoofdoelwit is om langtermynkapitaalgroei te bied, met 'n sekondêre doelwit om mettertyd 'n redelike inkomste te lewer. Dit word verkry deur die FTSE/JSE RAFI® 40 Indeks na te volg.	R10 000	R500	0.89 (N.V.T.)	0.86	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief
# Old Mutual Real Income Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Lae Aandele	Die fonds poog om die hoogste vlak van inkomste te betaal wat volgehou kan word sonder om die fonds se kapitaalbasis te laat krimp. Die doel is om die inkomste en die onderliggende kapitaal van die fonds in ooreenstemming met inflasie (VPI) te laat groei.	R10 000	R500	1.38 (N.V.T.)	1.37	N.V.T.	Maart Junie September Desember	Matig konserwatief
Old Mutual SA Quoted Property Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Veelsydige Eiendom	Die fonds poog om volhoubare voorbelaste inkomste te genereer en terselfdertyd die oorspronklike beleggingskapitaal te laat groei. Dit belê in uitgesoekte genoteerde handels- en nywerheids-eiendomsaandele.	R10 000	R500	1.43 (N.V.T.)	1.43	N.V.T.	Maart Junie September Desember	Matig aggressief
Old Mutual Small Companies Fund A	Binnelands - Aandele - Kleinmaat-skappye	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te lewer. Dit belê in gevestigde kleiner en ontluikende maatskappye wat buite die FTSE/JSE Top 40 Indeks val.	R10 000	R500	1.72 (N.V.T.)	1.71	N.V.T.	Junie Desember	Aggressief
#† Old Mutual Stable Growth Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Lae Aandele	Die fonds poog om reële opbrengste van VPI + 4% oor deurlopende 3-jaartydperke te behaal. Dit probeer ook die risiko van kapitaalverliese oor 18 maande tot die minimum beperk. Die fonds voldoen aan aftreefonds-wetgewing.	R10 000	R500	1.96 (0.79)	1.03	2.28	Junie Desember	Matig konserwatief

º Hierdie effektetrust is nie via aftreeprodukte van Old Mutual beskikbaar nie.
* Onderliggende effektetrusts vra diensfooie. Raadpleeg asseblief die individuele fondsfeiteblad vir meer inligting.
† Hierdie plaaslike effektetrusts kan beleggers tot 25% buitelandse blootstelling bied wanneer gepas.
# Hierdie fondse voldoen aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse.
• TOV's is soos teen Desember 2011

Let wel: Geen aanvanklike administrasiekoste sal gehef word op beleggingsbedrae wat aan die gemelde beleggingsminimums voldoen nie, behalwe in die geval van die Four Plus-fondse, waar hierdie koste gehef sal word op beleggings van tussen R250 en R499.

EFFEKTETRUSTFONDSE (VERVOLG)

Effektetrust	Effektetrust-kategorie	Beleggingsdoelwit	BELEGGINGSMINIMUMS		Totale onkoste-verhouding TOV (%) (Prestasiefooi-komponent %)	GEANNUALISEERDE DIENSFOOI % (ingesluit by TOV)		Uitkerings-datums	Risiko
			Enkelbedrag	Maandeliks		Min	Maks		
#† SYm|mETRY Balanced Fund of Funds A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Medium Aandele	Die fonds poog om inflasie oor die langer termyn beduidend te oortref. Dit word ook met 'n sydigheid vir kapitaalbeskerming bestuur met die doel om kapitaalverliese oor enige 18-maandetydperk te vermy. Die fonds voldoen aan aftreefondswetgewing.	R10 000	R500	1.87 (N.V.T.)	0.00*	0.00*	Junie Desember	Matig
# SYm|mETRY Cautious Fund of Funds A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Veranderlike Aandele	Die fonds poog om kapitaal oor die medium termyn te beskerm deur kapitaalverliese oor enige negemaande-tydperk te vermy, en terselfdertyd die potensiaal te bied vir opbrengste wat kontant oor die lang termyn oortref. Hierdie fonds voldoen aan aftreefondswetgewing.	R10 000	R500	1.45 (N.V.T.)	0.00*	0.00*	Maart Junie September Desember	Matig konserwatief
#† SYm|mETRY Defensive Fund of Funds A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Veranderlike Aandele	Die fonds poog om inflasie oor die langer termyn te oortref. Dit word ook met 'n sydigheid vir kapitaalbeskerming bestuur en probeer om kapitaalverliese oor enige 12-maandetydperk te vermy. Die fonds voldoen aan aftreefonds-wetgewing.	R10 000	R500	1.81 (N.V.T.)	0.00*	0.00*	Junie Desember	Matig konserwatief
SYm|mETRY Equity Fund of Funds A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die lang termyn te behaal en belê in aandele oor al die sektore van die aandelemark. Dit poog om sy portuurgroep oor die lang termyn te oortref.	R10 000	R500	1.71 (N.V.T.)	0.00*	0.00*	Junie Desember	Matig aggressief
º SYm|mETRY Fixed Interest Fund of Funds A	Binnelands - Vaste Rente - Gevarieerde Spesialis	Die fonds poog om 'n redelik hoë volhoubare inkomstevlak te bied en soek ook geleenthede om kapitaalwins te maksimeer. Die fonds belê in kontant, effekte, eiendoms-aandele en ander inkomsteskeppende bates.	R10 000	R500	1.18 (N.V.T.)	0.00*	0.00*	Maart Junie September Desember	Matig konserwatief
Old Mutual Top 40 Fund A	Binnelands - Aandele - Groot-kapitalisasie	Die fonds se doelwit is om langtermyn-kapitaalgroei te lewer deur die prestasie van die FTSE/JSE Top 40 Indeks na te volg.	R10 000	R500	0.73 (N.V.T.)	0.68	N.V.T.	Maart Junie September Desember	Matig aggressief
Old Mutual Top Companies Fund A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te lewer. Dit belê in 'n hoogs gekonsentreerde portefeulje aandele oor al die sektore van die Suid-Afrikaanse aandelemark.	R10 000	R500	1.06 (0.19)	0.86	2.85	Junie Desember	Aggressief
Old Mutual UK Money Market Feeder Fund A	Streek - Vaste Rente - Gevarieerde Spesialis	Die fonds poog om die belegger se kapitaal te beskerm en terselfdertyd hoë vlakke van inkomste te bied. Hierdie rand-gedenomineerde fonds het 'n portefeulje wat uit VK deposito's en korttermyn-geldmarkinstrumente bestaan.	R10 000	R500	0.77 (N.V.T.)	0.57	N.V.T.	Maart Junie September Desember	Konserwatief
Old Mutual US Dollar Feeder Fund A	Buitelands - Vaste Rente - Gevarieerde Spesialis	Die fonds poog om die totale opbrengs vir beleggers deur volle blootstelling aan die VS dollar te maksimeer, deur te belê in 'n randgedenomineerde effektetrust wat op VS geldmarkinstrumente fokus. **Enige inkomste wat verdien word, sal toevallig van aard wees.**	R10 000	R500	1.26 (N.V.T.)	0.86	N.V.T.	Desember *Inkomste wat verdien word, sal gekapitaliseer (herbelê) word.*	Konserwatief
Old Mutual Value Fund A	Binnelands - Aandele - Waarde	Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te lewer. Dit belê in aandele oor alle bedryfsektore, met 'n spesifieke fokus op waarde-aandele (d.w.s. maatskappye wat tans as onderwaardeer beskou word met betrekking tot die res van die aandelemark).	R10 000	R500	0.88 (0.01)	0.86	2.85	Junie Desember	Matig aggressief

º Hierdie effektetrust is nie via aftreeprodukte van Old Mutual beskikbaar nie.
* Onderliggende effektetrusts vra diensfooie. Raadpleeg asseblief die individuele fondsfeiteblad vir meer inligting.
† Hierdie plaaslike effektetrusts kan beleggers tot 25% buitelandse blootstelling bied wanneer gepas.
# Hierdie fondse voldoen aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse.
• TOV's is soos teen Desember 2011

Let wel: Geen aanvanklike administrasiekoste sal gehef word op beleggingsbedrae wat aan die gemelde beleggingsminimums voldoen nie, behalwe in die geval van die Four Plus-fondse, waar hierdie koste gehef sal word op beleggings van tussen R250 en R499.

OLD MUTUAL